# Vrystaatse boer (29) in Gauteng vermoor

Alet van der Walt

Christian van Tonder (29), ’n suksesvolle Vrystaatse boer, is Maandagaand in die omgewing van die Barrage in Gauteng doodgeskiet.

Van Tonder, wat by Lindley in die Vrystaat met Drakensberger-beeste geboer het, het Maandag geld by die Barrage gaan haal vir beeste wat hy verkoop het.

Sers. Gertrude Makhale, polisiewoordvoerder, sê Van Tonder en Jaco Botha, ’n veeaankoper, het gelyktydig uit Lindley gery sodat Botha vir Van Tonder by die Barrage kon betaal.

Botha en Van Tonder het omstreeks 15:00 by die Barrage aangekom en Van Tonder het volgens Botha se polisieverklaring teen 18:00 weer daarvandaan gery.

Botha het ’n blyplek in Lindley en in die Barrage.

’n Polisielid het later die aand ’n stilstaande bakkie in die Marlbank-gebied gesien.

Marlbank is sowat 15 km van die Barrage en naby die R59 waarmee Van Tonder na Lindley sou terugry.

Die polisie het gaan ondersoek instel en op Van Tonder se lyk afgekom.

Makhale sê Van Tonder is van links in sy nek geskiet en die bakkie se agterruit het verskeie koeëlgate.

Henk Human, ’n buurman van Van Tonder, sê hy het voor hom grootgeword.

Van Tonder se pa, Colyn, het op sy sterfbed gevra dat Human na sy seun moet kyk en as sy mentor moet optree.

Van Tonder het die familieboerdery oorgeneem en moes in moeilike omstandighede aanpassings maak om geldelik te kan oorleef.

Hy het die beesboerdery uitgebou en kon daarin slaag om winsgewend te boer.

Van Tonder is die derde geslag wat die boerdery, FCC van Tonder Boerdery, bedryf het.

Hy word deur sy ma Risa, en ’n suster, Elsari Cronjé, oorleef.

Cronjé is ’n onderwyseres in Abu Dhabi.